



MEMORANDUM

AAN : ALLE TAFELDRUIF PRODUSENTE
DATUM : 24 Julie 2020
RE : COVID-19 BEDRYFSTAAKSPAN EN HUIDIGE MAATREËLS

Beste SATI Lid en Tafeldruiwe Boer

Dit blyk ons is nader aan die sogenaamde piek van die Covid-19 pandemie en almal word bedank vir hul volgehoue bydrae en opofferings tydens die voortslepende nasionale pandemie. In hierdie verband is die volgende belangrik.

1. Tafeldruiwe Covid-19 Taakspan – 2020/21 Seisoen

Met die oog op die komende seisoen en die voorbereiding daarvoor is SATI tans in proses om 'n Covid-19 Taakspan op die been te bring om as skakel en sentrale inligtingsbron te dien.

Onder andere word beoog om regulasies en die interpretasie daarvan gereeld te kommunikeer, te kallibreer vir redelike uniforme optrede/maatreëls binne pakhuisse en op plase en na buite te kommunikeer soos nodig. Die klem sal val op die verantwoordelike optrede wanneer 'n werknemer positief toets en/of blootstelling aan 'n positiewe geval gehad het, met die doel om werknemers te beskerm, maar met die minste moontlike bedryfsontwrigting.

Die Taakspan sal 'n direkte skakel met Kaapstad Hawe en die tersaaklike afdelings van die Derptement Landbou vestig om ons poging te steun en uitdagings die hoof te bied. Ons beoog om FPEF- en produsente streeksverteenvoordinging op die taakspan te hê en daar sal ook geskakel word met provinsiale regerings en georganiseerde landbou op nasionale en provinsiale vlak.

Ons beplan om die Taakspan teen einde Augustus operasioneel te hê.

Aangesien dit primêr 'n skakel- en kommunikasie funksie is, sal die taakspan deur Clayton Swart, SATI Kommunikasiebestuurder, saamgeroep word.

2. Huidige Covid-19 regulasies en maatreëls

Intussen word 'n beroep gedoen op alle produsente om nougeset die huidige voorkomingsmaatreëls na te kom, veral met die vervoer van seisoenale werkers oor provinsiale grense. Daar moet seker gemaak word dat wettige kontrakte en die toepaslike permitte in hand is en die nodige basiese voorsorgmaatreëls in plek is en bewys daarvan gelewer kan word. By geleentheid word bewys hiervan by padblokkades vereis alvorens werkers toegelaat gaan word om verder te reis.

Dit geld ook vir die toepassing van voorkomingsmaatreëls in werksplekke, byvoorbeeld die aanstelling van 'n Voldoeningsbeampte, 'n Covid-19 Werksplan en die handhawing van fisiese afstand, die dra van maskers, daaglikse monitering van werkers en die byhou van rekords.

Voorbeelde van die nodige werksplekplanne, vraelyste, regulasies, riglyne, inligtingstukke, handleidings en gidse is beskikbaar op die SATI webwerf by die volgende skakel www.satqi.co.za/communication/covid-19/. Nuwe inligting word gereeld bygevoeg.

Baie dankie, sterkte met die komende seisoen en vriendelike groete.



Willem Bestbier
Hoof Uitvoerende Beampte